DIE JEHOVA SE GETUIES

Afkortings: **NWT = New World Translation of the Holy Scriptures**
KIT = Kingdom Interlinear Translation of the Greek Scriptures
WTB = Watch Tower Bible & Tract Society

Goue Reël: *Onthou om te bid! Al sou u die redenasie wen, kan net die Heilige Gees die sluier van die Jehova se Getuie se verstand af lig. (2 Kor 4:4)*

Die Jehova se Getuies (JGs) behoort aan 'n uiters gevaarlike kulte, naamlik die Watch Tower Bible & Tract Society, wat deur subtiele metodes van psigiese beheer ("mind control") lede werf, wen, beheer en behou. Ons praat sommer in Afrikaans van die Wagtoring Organisasie (WO). Hierdie organisasie is 'n vals profeet wat mense deur middel van die ywerige metode van proselietemakery deur misleide volgelinge daarin slaag om gelowiges met hulle "oortuigende" redenasies tot ander oortuigings te oorreed en saam met hulle oor die afgrond van verlorenheid mee te sleep. Hulle verkondig 'n **vals Jesus**, 'n **vals evangelie** en 'n **vals Heilige Gees**. (2 Kor 11:2-4) Wanneer die Christen se pad met die van hulle kruis, hetsy op straat of die deurdrumpel, gebeur dit nie sonder rede nie. Hierdie is mense op soek na die waarheid en dit is die Christen se plig om hulle daaraan voor te stel. (1 Pet 3:15; Kol 4:5) Dit was 'n opdrag van die Here Jesus Christus aan Sy Kerk! (Mat 28:19-20; Hand 1:8) Dit is belangrik om altyd in gedagte te hou dat **as jy dit nie met LIEFDE kan doen nie, dan is dit beter om dit glad nie te doen nie.**

DIE JEHOVA SE GETUIES SE VERNAAMSTE DWALINGS:

- Net die Vader is God. Hy is die Almagtige God en Sy naam is Jehova.
- Jesus is die eerste en vernaamste skepsel van Jehova. Hy is nie die Almagtige God nie, maar slegs 'n Magtige God (god).[1.] Hy is die Seun van God die Vader (Jehova).
- Jesus is Michael die aartsengel.[2.]
- Die Drie-eenheid is 'n versinsel van Satan[3.] en 'n heidense begrip.
- Die Heilige Gees is nie 'n "Persoon" en ook nie God nie. Dit is slegs die aktiewe werkende krag van Jehova God en word deur hulle met elektrisiteit byvoorbeeld vergelyk.[4.]
- Jesus, die mens, is vir ewig dood. Hy het nie liggaamlik uit die graf gekom nie, maar is as die magtige geesseun van God die Vader herskep. Hy het liggame gematerialiseer om Sy volgelinge te "oortuig" dat Hy "opgestaan" het.[5.]
- Die hel bestaan nie, want 'n God van liefde sou nie so 'n verskriklike ding soos ewige pyniging in 'n plek soos die hel bedink nie. Dit is 'n idee van die Satan.[6.] Die hel is slegs die gemeenskaplike graf van die mensdom.[7.]
- Net 144 000 behoort aan die Goeie en Getroue Slaafklas (Geestelike Israel, die Klein Kudde en ander soortgelyke name). Net hulle gaan hemel toe en sal saam met Christus as geespersone regeer oor die Groot Menigte (die ander JGs) op aarde. Hulle is kinders van God, kan alleen die Bybel verklaar, het die Gees van God, is die Nuwe of Geestelike Israel en is ingesluit in die Verbond, kan geregtheid verkry en is wedergebore. Jesus is slegs hulle Middelaar.[8.]
- Alle ander JGs is deel van die Groot Menigte en hoop om guns in Jehova se oë te vind tydens Armageddon deur nou in hierdie leeftyd goeie dinge te doen deur gehoorsaam en toegewyd dit te doen wat die 144 000 van hulle verwag sodat hulle die ewige lewe in die paradys op aarde kan ontvang.[9.] Die middelaar vir die Groot Menigte is die 144 000.[10.]

---

1. *Redenering uit die Skrif (WTB), 1989, pp.165, 233-4.*
2. *Redenering, pp.238-239.*
3. *Laat God Waaragtig Wees, (WTB), 1956, p100.*
4. *Jy kan vir ewig in die Paradys op aarde lewe, (WTB), 1982, pp.36-37.*
5. *Redenering, pp.320-321.*
6. *Redenering, p.194*
7. *Jy kan vir ewig in die Paradys op aarde lewe, pp.82-83.*
8. *The Watchtower, April 1, 1979, p.31; Jy kan vir ewig in die Paradys op aarde lewe, pp.124-125.*
9. *The Watchtower, April 1, 1979, p.31; Jy kan vir ewig in die Paradys op aarde lewe, p.126.*
10. *The Watchtower, April 1, 1979, p.31.*

1. WIE IS GOD?

Wat hierna volg is ’n beproefde metode om die Drie-eenheid met ’n JG te behandel. Die gesag van die Skrif word gebruik want daaroor stem ons tenminste met hulle saam.

❖ **Stel aan die JG voor dat:**

Indien die Bybel ons leer dat,
1. Die Vader Jehova is,
2. Die Seun, Jesus Christus, Jehova is,
3. Die Heilige Gees Jehova is en;
4. Daar is net EEN Jehova,

of hy die Almagtige God op Sy woord sou neem wat Homself aan die mens in Sy woord openbaar as Een Wese in Drie “Persone”, in soverre as wat ons “Persone” kan verstaan, en dat ons dit moet aanvaar al kan ons dit nie verstaan of verklaar nie.[11.]

Dit is nie ’n geval van 1+1+1=3 nie maar, 1x1x1=1!
Want as 1=X en 2=X en 3=X dan is 1=2=3=X

♦ **Die Vader = Jehova:**

2 Pet 1:17.

♦ **Die Seun = Jehova:**

Joh 20:28; Kol 2:9; 1 Tim 1:17; Fil 2:10-11. Jer 23:5-6 (NWT): “’Look there are days coming,’ is the utterance of Jehovah, (geen twyfel wie praat!) ‘and I will raise up to David a righteous sprout. Wie hierdie “spruit” is bevestig Jes 11:1-3 aan ons. And a king will certainly reign and act with discretion and execute justice and righteousness in the land. In his days Judah will be saved and Israel itself will reside in security. And this is his name which he will be called, Jehovah Is Our Righteousness.’”

♦ **Die Heilige Gees = Jehova:**

Hand 5:1-5; 2 Kor 3:17-18; (Sien NWT wat sê *“Jehovah the Spirit”!*)

❖ **Wie is die Alfa en die Omega?**

1. Ons sien in Op 1:8 God is aan die woord. Hy sê duidelik Ek is die Alfa en die Omega wat = die Almagtige! (Die NWT sê duidelik dit is Jehova.)
2. In Op 21:5 is die Een wat op die troon sit aan die woord (enige JG sal saamstem dat dit Jehova is) en ons hoor Hy sê in vers 6: “Ek is die Alfa en die Omega, die Begin en die Einde.”
3. In Op 22:12 sê die Een wat aan die woord is (Jesus), “Kyk ek kom gou!” En gaan in v.13 voort: “Ek is die Alfa en die Omega, die Eerste en die Laaste, die Begin en die Einde.”
4. Op 1:17-18 is duidelik dat die een wat in vers 13 die “Seun van die Mens” genoem word (Jesus, waarmee elke JG sal saamstem) die Alfa en die Omega , die Begin en die Einde en ook die Eerste en die Laaste genoem word. Daar is geen onduidelikheid dat dit Jesus is nie, want ons sien ook dat Hy sê dat Hy “dood was en lewe tot in alle ewigheid.” Die Vader het NIE vir ons sondes gesterf NIE! In die NWT in Sag 12:7-10 sien ons Jehova aan die woord en Hy sê dat hulle sal opkyk na Hom (Jehova) wat hulle deurboor het! Dit is duidelik uit die konteks van hierdie verse. Nou weet ons dat die Seun vir ons sondes betaal het en hier word na Hom as Jehova verwys.
5. Jes 44:6 bring dit alles vir ons bymekaar want ons hoor Jehova (volgens die NWT) sê: “Ek is die Eerste en die Laaste.” Daar kan tog net EEN Alfa en Omega, Begin en Einde, Eerste en Laaste wees, nie waar nie?

---

11. *Die WTB is duidelik dat daar ’n verskil is tussen iets verstaan en aanvaar. Hulle stel in Redenering, p.163 oor God,“Ons verstande kan dit nie ten volle begryp nie. Maar dit is nie ’n gegronde rede om dit te verwerp nie.”*

❖ **Samevatting:**

- God is die Alfa en die Omega = Vader = Alfa en Omega = Jesus = Alfa en Omega;
- Die Vader = Begin en Einde = Jesus = Begin en Einde;
- Vader = Eerste en die Laaste = Jesus = Eerste en die Laaste;

Jehova = Eerste en Laaste (Jes 44:6); Jesus = Eerste en Laaste DUS Hy = Jehova en die Almagtige wat aan die woord is in Openbaring 1:8! Daarom dat die korrekte vertaling van Fil 2:9 ook sê dat Hy (Jesus) 'n Naam het wat bo elke naam is!

Tog hoor ons Jehova baie duidelik sê:

- "Buiten My is daar GEEN God nie." — Jes 44:6.
- "Voor My was daar geen god nie, en na My sal daar ook geen een wees nie." – Jes 43:10. (Logika: Indien Jesus 'n geskape god is (NWT—Joh 1:1), soos die JGs sê, waar kom Hy vandaan as Jehova self sê (die NWT in Jes 43:10) dat Hy geen god gemaak nie? As Hy dit sou doen sou Hy lynreg teenoor Sy eie gebod gegaan het: Jy mag vir jou geen gesnede beeld of afbeelding maak wat 'n god genoem kan word nie. (my parafrasering)
- "Ek laat my Naam nie oneer aandoen nie. Ek gee die eer wat My toekom aan niemand anders nie." — Jes 48:11. (En tog sien ons dat die Seun dieselfde eer moet ontvang as die Vader—Joh 5:23.)

3. HO THEOS – DIÉ GOD:

- Joh 1:1: Die letterlike woord-vir-woord vertaling van die WTB lees "In die begin was die Woord en die Woord was by God en God was die Woord." (Sien KIT)
  Volgens die WTB dui Ho Theos (Die God) onteenseglik op Jehova.
- Mat 1:23: "Immanuel" in Grieks = Die God met ons = Jehova met ons. JGs sê Michael = "Wie is soos God?" Let op dit is nie 'n stelling nie, maar 'n vraag, dus NIEMAND is soos God nie! Gevolglik is Michael nie soos God nie!
- Joh 20:28: Tomas, 'n Jood en een wat in Een God glo, bely Jesus as: "Die Here van My en ***die God*** van my." (In Grieks. Sien KIT)
- Heb 1:8: NWT lees verkeerdelik "God is thy throne," in teenstelling met die korrekte, "Thy throne O God". In die Grieks (KIT) sien ons: "Thy throne of ***the God***." (Ho Theos — Jehova). Afgesien daarvan dat die NWT verkeerd is, is die implikasie van hulle vertaling skokkend: Dit maak van God eintlik Jesus se troon! Die een wat op die troon sit is mos belangriker as die troon, nie waar nie?

4. DIE TITUS REEKS:

- "God is Verlosser." — Tit 1:3.
- "Christus is ons Verlosser!" — Tit 1:4.
- "…ons grote God en Verlosser, Jesus Christus" — Tit 2:13. KIT se Grieks/Engels is koorek: "The great God and Savior of us…" Let op hoe die NWT verander is: "…THE great God and OF THE Savior of us…" Daarmee gee die WTB totaal ander betekenis aan wat daar werklik staan!
- En tog sê Jehova dat daar net EEN Verlosser is. (Jes 43:11)!
- 1 Joh 5:20 — Grieks: Hy = houtos. Dit is 'n resumptiewe naamwoord. Dit wil sê "houtos" verwys na wat pas genoem is, naamlik Jesus Christus. As ons in Grieks na iets wil verwys wat die naamwoord vroeër vooraf gegaan het, dan moet die woord vir "Hy" *eikenos* wees, en dit kry ons nie hier nie, maar wel *houtos* wat na dit wat die naamwoord onmiddelik vooraf gegaan het, nl., Jesus Christus—Hy is dus onteenseglik die ware God.

Heb 1:5-8:

- God die Vader sê sy Seun is NIE 'n engel NIE!
- God die Vader sê AL die engele moet Hom aanbid (v.6). Die woord "al" sluit tog seker ook die aartsengel/e in, nie waar nie?
- Die Vader spreek die Seun in vv. 8 en 9 aan as "die God." (d.w.s. Jehova!)

In Joh 5:23 sê God dat die Seun dieselfde eer as die Vader moet ontvang, terwyl Hy in Jes 42:8 en 48:11 sê Jehova deel nie sy eer met iemand anders nie, en Die Wet beveel dat geen ander gode aanbid mag word nie. (Eks 20:3-4). Vergelyk ook Mat 4:9-10 en Luk 4:7-8. Die WTB probeer uit hierdie tameletjie kom deur die Grieks as "obeisance" (om eer te betoon) te vertaal. Dit is interessant om daarop te let dat al hulle vertalings tot en met 1970 dit as "worship" vertaal het. Hulle ou verskoning van dat dit "nuwe lig" is gaan egter nie goed af nie.

5. DIE NAAM "JEHOVA":

Hierdie naam is van vier Hebreeuse letters (YWHW) of konsonante afgelei. Dit staan as die Tetragrammaton of Tetragram bekend. Oorsponklik was Hebreeus net met konsonante geskryf. Baie jare later is klinkers in die vorm van punte (Engels "pointing") bygevoeg. Vir die Jode was dit so belangrik dat die Naam van God nie ydel gebruik mag word nie, want God is so heilig dat hulle óf stil gebly het óf die woord *Adonai* (Here) in die plek van YWHW gebruik het. Dit is juis hierdie vier konsonante wat aan Moses gegee was toe hy God om Sy naam gevra het sodat hy vir die volk in Egipte kon gaan sê wat hierdie God se naam is wat opdrag gegee het dat hy hulle uit Egipte moes uitlei. Sien Eks 3:13-14. Wat God hierdeur vir Moses gesê het, was dat Hy nie soos ander gode (die van Egipte, waaraan die volk gewoond geraak het) is nie. Hierdie naam beteken tydloos—Hy het nie 'n begin of einde nie! Daarom dat 'n duisend jaar vir Hom soos een dag is en een dag soos 'n duisend jaar. Hoedat hierdie Naam werklik uitgespreek moet word weet niemand vandag nie. Selfs die WTB erken dit.[12.]

Die feit is ook dat die Tetragram nie in enige van die Griekse manuskripte voorkom nie, wat daarop dui dat die volle woord reeds in daardie tyd onbekend was.[13.] Ons weet dat die Samaritane God wel "Jahweh" genoem het. Maar dit is sover as wat dit gaan.

Baie later, in die middeleeue word die klinkers van "Adonai" (A-o-a) deur priesters by die konsonante YWHW gevoeg en so gebeur die taalkundige ontoelaatbare (veral in Hebreeus) vermenging van die letters van twee woorde en die woord Jahovah of dan nou, Jehovah/Jehova, ontstaan. Die JGs stem eintlik hiermee saam dat "Jahweh" moontlik nader aan korrek as "Jehovah/Jehova" is. Tog bly hulle hardkoppig vaskleef aan hierdie taalkundige woordverwringing, bloot omdat dit die algemene gebruik is.

Jahweh was dus die oorkoepelende Verbondsnaam van God, maar Hy het ook ander name: Elohim, Jehovah, El Shaddai (God van die leërskare), Adonai, Jehovah-jireh, Jehovah-rophe, Jehovah-nissi, Jehovah-M'Kaddesh, Jehovah-shalom, Jehovah-tsidkenu, Jehovah-rohi, Jehovah-shammah,[14.] El Gibbor (Magtige God), Alfa en Omega, Ek Is wat Ek Is, of Ek Is. Vir die Jode was "Ek Is" 'n besonder heilige Naam vir God.

Die "Ek Is" (Ego Eimi) Uitsprake:

Lees Eks 3:1-15.
Jehova sê Sy naam is, "Ek Is wat Ek Is." Die Griekse vertaling van 70 v.C., en bekend as die Septuaginta of LXX, wat 70 in Latyn beteken, het "ego eimi" vir "Ek Is." Ons vind dat Jesus op meer as een geleentheid na Homself as "ego eimi" verwys het!

Joh 8:58: "Voordat Abraham gebore is, was ek al wat Ek Is."[15.] Dit is duidelik dat die Jode presies verstaan het wat Hy bedoel het met hierdie woorde, want in,
Joh 8:59 vind ons dat die Jode Hom wou stenig en die rede word later duidelik in Joh 10:33: "Dis nie oor 'n goeie daad dat ons jou wil stenig nie…maar oor godslastering, maar omdat jy, wat 'n gewone mens is, jou as God voordoen." Daarom word dit duidelik waarom Hy kon sê in,
Joh 10:30, "Ek en die Vader is een."
In Joh 8:24 en 28 lees ons dat as iemand nie wil glo dat Hy Ek Is, is nie hy in sy sonde sal sterwe. By die aanhoor van **hierdie** naam (Ek Is) het die soldate "teruggedeins en op die grons neergeval." (Joh 18:3-6)

---

12. *The Divine Name that will endure forever, (WTB), 1984, p.7.*

13. *Die WTB probeer om deur middel van baie skamele "bewyse" agter in die KIT aantoon dat die tetragram wel in sommige manuskripte van die Nuwe Testament voorkom. Hier sodanige bewyse word onomwonde deur outoriteite as niksseggend afgemaak.*

14. *Nathan Stone, Names of God, 1944.*

15. *Die WTB vertaal "ego eimi" as "I have been" in die KIT en die NWT. Met voetnotas in die verskillende uitgawes sedert 1950 dui hulle aan dit in die "Perfect Indefinite Tense" (1950), "Perfect Tense" (1969 KIT) en "Perfect Indicative" (1985 KIT) die korrekte "tense" is waarin hierdie woorde vertaal moet word. Hulle onsekerheid oor watter een eintlik reg is verraai hulle taalkundige onvermoë. Daar is net eenvoudig geen ander uitweg as om dit as "Ek IS/I AM te vertaal nie!*

6. VOORKEURREDENASIES VAN DIE JEHOVA SE GETUIES:

- **Daar is net een God—die Vader. (1 Kor 8:6)**
  Antwoord: Lees verder. Daar is net Here!. Tog weet ons dat die Vader ook Here genoem word. So word Jesus ook God genoem—dit het ons reeds gesien. Maak die feit dat hierdie vers vir ons sê dat daar net een Here is dat die Vader nie Here is nie?

- **Joh 17:3. "En dit is die ewige lewe; dat hulle U ken, die enigste ware God, en Jesus Christus…"**
  Antwoord: Joh 10:30; 14:10; Tit 2:13; 1 Joh 5:20; Op 22:3. Let wel in Heb 1:8 spreek die Vader die Seun aan as "die God."
  Jesus spreek dus die Vader aan as God en wederkerig spreek die Vader die Seun aan as God. Hulle is saam met die Heilige Gees een God en deel die troon. (Op 22:3)
  Van Joh 1:1 wil hulle gewoonlik weet dat as die Woord God is hoe die Woord by Homself kan wees? Wanneer mens die konsep van die Drie-eenheid verwerp en wil hê dat God net EEN "PERSOON" moet wees lewer hierdie vers 'n probleem op, maar binne die begrip van die Drie-eenheid is dit nie 'n probleem nie.

- **Jesus is die Eersgeborene van die skepping:**

  Kol 1:16 volgens die NWT: "By means of him all [other] things were created in the heavens and on earth…" Maar die KIT het, "All [other] things were created through him…" Behalwe vir die woord "other" wat nie in die Griekse teks verskyn nie en deur hulle ingevoeg is, alhoewel in hakies, is die KIT korrek. Ignoreer die hakies en dit lees heeltemal korrek: "All things were created through Him…" Dit bevestig dat Hy nie 'n skepsel kan wees nie! Die WTB vertalers het die woord "other" op verskeie plekke ingevoeg bloot omdat hierdie verse hulle teologie oor Jesus Christus se Godheid omverwerp en die enigste manier uit is: "Kook die vertaling". Dus—nou ondersteun hulle vertaling hulle teologie oor Jesus, naamlik dat hy die eerste en enigste direkte skepsel van Jehova God is, waarna Hy meegedoen het om al die ander dinge te skape. (Daarom dat God die Vader in Gen 1:26 en 11:7 na "Ons" verwys—Hy het met Michael/Jesus gepraat.) Hulle het dieselfde met Fil 2:9 gedoen: "Juis om dié rede het God hom ook tot 'n hoër posisie verhef en hom goedgunstig die naam gegee wat bo elke ander naam is."[16.] In die Engelse weergawe het hulle die woord "other" in […]. Weereens bewys die oorspronklike teks hulle as leuenaars en 'n organisasie wat die waarheid verdraai. Want as Jesus 'n naam ontvang het wat bo elke naam is (soos ander erkende vertalings dit het), dan is óf die naam Jesus bo die naam Jehova óf Jesus IS Jehova! Selfs die NWT bevestig dat Jesus Jehova is—Jer 23:5-6. En dit lewer een massiewe probleem vir die WTB en hulle volgelinge op.

  Om die begrip eersgebore te verstaan moet ons dit vanuit die Ou Testamentiese kultuur oorweeg. Die eersgeborene was die erfgenaam van alles van sy Vader. Hy is die spesiale seun en was nie noodwendig die een wat eerste gebore was nie. Dit was die seun wat in alles aan sy Vader gehoorsaam was. Kyk hoe mooi bevestig Fil 2:8 die Seun se gehoorsaamheid aan sy Vader. Daarom dat ons ook die onderskeid in Grieks kry;

  Protoktistos = Die een wat eerste gebore is, d.w.s., die klem val op tyd.
  Prototokos = Die uitverkore een, die erfgenaam, die uitmuntende een, d.w.s., die klem val op status. Die Engelse woord "pre-eminence" of "pre-eminent" is beskywend. "pre-eminent 1. Supremely eminent; distinguished above all others; transcendent; supreme, 2. Extraordinary in degree; outstanding; conspicious; superlative."[17.] "pre-eminent adj. Eminent above all others; surpassing others in good or bad qualities; outstanding…before."[18.]

  Gewoonlik was die oudste seun die erfgenaam, maar daar is voorbeelde in die Bybel waar die oudstes hulle status en erfreg verloor het omdat hulle aan hulle Vaders ongehoorsaam was of sleg gelewe het.

  - Esau verruil sy eersgeboortereg en Jacob word eersgeborene.
  - Gen 41:51-52: Hier let ons op dat Josef, twee seuns, Manasse en Efraim gehad het.
  - Jer 31:9 sê vir ons dat Efraim die eersgeborene geword het. Om uit te vind hoe dit gebeur het blaai na
  - Gen 48:1-20 en daar sal gesien word hoedat Vader Jacob (Israel) sy arms kruis om die jonger Efriam die regterhand-seën te gee vv. 17-21. Hy ontvang dus die sterker seën en word so die eersgeborene. **En dit is Israel se kleinkind!** Hoekom het sy oudste (Ruben) nie die eersgeboortereg ontvang nie. Lees daarvan in Gen 49:3.

16. *Nuwe Wêreld-vertaling van die Christelike Griekse Geskrifte, (WTB), 1994, p.258.*
17. *Standard Dictionary, 1959, p.994.*
18. *Websters English Dictionary, 1966, 390.*

As Jesus dus in Kol 1:15 die "Eersgeborene van die hele skepping" (Ou Vertaling) genoem word beteken dit dat Hy die unieke Seun van God die Vader is. Daarom dat die Nuwe Vertaling dit ook meer korrek as "Die Seun is die Eerste verhewe bo die hele skepping" weergee.

7. DIE VALS EVANGELIE VAN DIE WAGTORING ORGANISASIE:

In die inleidende paragraaf was na 2 Kor 11:2-4 verwys en daar was gesê dat die WTB deur middel van misleide volgelinge ook 'n vals evangelie verkondig, of anders gestel. As hulle 'n ander evangelie as die van die Bybel verkondig en hulle sê self so, dan erken hulle dat hulle wél 'n vals evangelie verkondig en daarop uit is om mense te mislei. Die hartseer is dat die ywerige volgelinge onbewus is dat hulle besig is met die misleiding van ander mense. Dit is daarom so noodsaaklik dat Christene hulle aan die ware Evangelie moet voorstel.

"…since the year 1922, Jehovah's Witnesses have been efficiently organized for fulfilling the prophecy of Jesus, at Matthew 24:14. 'This good news of the kingdom will be preached in all the inhabited earth…Let the honest-hearted person compare the kind of preaching of the gospel of the Kingdom done by the religious systems of Christendom during all the centuries with that done by Jehovah's Witnesses since the end of World War I in 1918. They are not one and the same kind. That of Jehovah's Witnesses is really 'gospel,' or 'good news,' as of God's heavenly kingdom that was established by the enthronement of his Son Jesus Christ at the end of the Gentile Times in 1914."[19.]

Hieruit is dit baie duidelik dat die WTB se evangelie as volg is: Jesus/Michael het in 1914 op die hemelse troon gaan sit om vandaar oor Jehova se koninkryk te regeer. Hierdie tydperk van Jesus regering sal tot 'n einde kom wanneer die tydperk van die ongelowiges ("Gentile Times") tot 'n einde kom en sal uitloop wanneer die laaste persoon wat in 1914 gebore was afsterf. Dan vind die groot slag van Armageddon plaas.

Wat sê die Bybel is die ware Evangelie?

Rom 1:14: "Van Paulus, 'n dienaar van Christus Jesus, geroep om apostel te wees, afgesonder vir die evangelie van God. Hierdie evangelie het Hy vooruit deur sy profete in die Heilige Skrif aangekondig, en dit handel oor sy Seun. As mens is Hy uit die geslag van Dawid gebore, op grond van sy opstanding uit die dood is Hy deur die Heilige Gees aangewys as die Seun van God wat met mag beklee is, Jesus Christus ons Here." Verder lees ons in 1 Kor 15:1-4: "Ek herinner julle, broers, aan die evangelie wat ek aan julle verkondig het en waarin julle ook gevestig staan. Deur dié evangelie word julle ook gered as julle vashou aan die boodskap soos ek dit aan julle verkondig het. As julle aan iets anders vashou, het julle tevergeefs tot geloof gekom. Die belangrikste wat ek aan julle oorgelewer het en wat ek ook ontvang het, is dit: Christus het vir ons sondes gesterf, volgens die Skrifte; Hy is begrawe en op die derde dag opgewek, volgens die Skrifte."

Let op Romeine vir ons sê dat God hierdie evangelie vooruit in die Ou Testament laat aankondig het. Vele profesieë in die OT word vervul in die Messias/Christus en nie een van hulle het te doen met 'n onsigbare regering deur Jesus vanaf 'n hemelse troon sedert 1914 nie! Die teendeel is waar—almal spreek van Sy leiding, kruisiging wat versoening aankondig, dood en opstanding en dat daar vergewing is vir elkeen in Sy bloed wat alle sondes wegneem. Die boek Hebreërs bevestig dat hierdie 'n eenmalige en volmaakte offer was. Hierdie plan het God die Vader alreeds in plek gehad voor die skepping (Ef 1:3-5).

Die Gevolg van die Evangelie van die Bybel:

Dit was hierdie evangelie wat daartoe gelei het dat daar onder Petrus se prediking op Pinksterdag 3 000 mense tot bekering gekom het. Petrus se antwoord was nie "glo dat die Koninkryk eers in 1914 gevestig gaan word wanneer Michael die aartsengel die hemelse troon gaan bestyg nie om vandaar onsigbaar te regeer nie en dat dit tot 'n einde gaan kom wanneer die mense wat in 1914 gebore sal word almal uitgesterf het nie." Nee hy het op hulle vraag wat hulle moet doen om gered te word geantwoord: "'Die hele Israel moet nou vas en seker weet: God het hierdie Jesus wat julle gekruisig het Here en Christus gemaak!' By die aanhoor hiervan is die mense diep getref en het hulle vir Petrus en die ander apostels gevra: 'Wat moet ons doen, broers?' Toe antwoord Petrus hulle: 'Bekeer julle en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus. Dan sal God julle sondes vergewe, en sal julle die Heilige Gees as gawe ontvang.'" (Hand 2:36-38. Lees gerus die hele hoofstuk 2 vir konteks.)

19. *The Wathtower, May 1, 1981, p.17.*

Hierdie dokument kan bestel word by:

KIES

Teen die Leuen, vir die Waarheid, met die Waarheid
Against the Lie, for the Truth, with the Truth

Posbus 8009
EDLEEN
1625
Tel/Fax: 011-394-3080
E-pos: kies_ciec@telkomsa.net